# Skitterende spel kenmerk komedie oor SA

**My Low-fat, Almost Italian Wedding**
Kunstekaap-arena, Kaapstad
***

Dit is die lente van 1994 en die oggend voor Salvatore Fiore se dogter, Victoria, trou. In sy Italiaanse trattoria, êrens in die Hillbrow-Berea-Yeoville-driehoek in Johannesburg, is voorbereidings aan die gang.

Die bruid het egter koue voete en boer in die toilet, haar oom, sukkel om die klankstelsel aan die gang te kry (en steel elke nou en dan 'n versnapering op 'n tandestokkie), en die maître d' raak betotteld, want die ma en pa van die bruid kan maar net nie besluit watter kleur die tafeldoeke moet wees nie.

Soos die storie ontvou, raak die gehoor bewus van die familie se probleme, sowel as die vrese en bekommernisse wat saamkom met die geboorte van die demokrasie op hul trattoria se voorstoep. Want daar het dekades lank niks by die restaurant verander nie en Salvatore skop teen die werklikhede waarmee hy gekonfronteer word.


**Hannah Borthwick and Nhlanhla Mkhwanazi** Foto: VERSKAF

Roy Sargeant het Paul Slabolepszy gevra om 'n teks vir Kunstekaap se lente-dramaseisoen te skryf. Sy "trattoria-stuk" is destyds in 1994 vyf keer by die Nasionale Kunstefees op Grahamstad opgevoer, en hy het besluit om dit af te stof en oor te skryf.

Die akteurs speel met passie, energie en wonderlike humor. Sargeant kon sekerlik nie 'n beter en meer gesoute span uitgesoek het nie.

Graham Hopkins en Anthea Thompson is 'n formidabele kombinasie as die pater- en materfamilias.

En die gehoor het hulle klaar gelag vir die kaskenades van James Cairns as Clyde, en Mark Elderkin as Joey.

Die teks is deurspek met briljante "Paul Slab"-oomblikke, maar as 'n mens nie vooraf die program bekyk het nie, kan jy die stuk nie maklik plaas nie.

En met soveel wat gebeur het sedert die Groot Jaar, kom die twee dekades oue verwysings en die 1994-zeitgeist by tye moeilik oor vir 'n 2013-gehoor.

Die stuk is goeie vermaak en lekker komedie – met skitterende spel, en 'n stewige boodskap oor aanpas by veranderende tye.
**– Madeleine Barnard**

■ Met Graham Hopkins, Anthea Thompson, Nhanhla Mkhwanazi, James Cairns, Mark Elderkin, Hannah Borthwick en Murray Steyn
Regie: Roy Sargeant
Stel, kostuums en beligting: Alfred Rietmann

▸ *Tot 4 Januarie.*